higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REKENAARPRAKTYK N4

(6030204)

3 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate word 30 minute gegun om die instruksies voor die begin van die eksamen deur te lees.

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n antwoordblad van 5 bladsye.

006Q1B2203

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word. Toesighouers sal verduidelik, indien nodig.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Teorie (60 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (50 punte), Sigblad (50 punte) en Aanbieding (20 punte)

   AFDELING A (VRAAG 1–5) moet op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) beantwoord word. Die ANTWOORDBLAD moet voor in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. 50 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

   AFDELING B word met behulp van 'n woordverwerking-, 'n sigblad- en 'n aanbiedingprogram beantwoord en ongeveer 130 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

2. In die geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar- of drukkerweiering, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidate om voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gaan, moet bygevoeg word.

3. Indien daar 'n probleem met bepaalde drukkers bestaan, bv. dat dit nie spesiale karakters of die watermerk druk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se ANTWOORDE ingedien word.

4. 'n Kandidaat mag 'n lys ASCI-kodes gebruik. 'n Speltoetser mag gebruik word.

5. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word (moenie rug aan rug druk nie). DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

6. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in die kandidaat se EKSAMENOMSLAG geplaas en aan die toesighouer oorhandig word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingelewer word. DRUKSTUKKE wat nie vir nasien ingedien word nie, moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer ingesamel en aan die einde van die dag vernietig word. Geen DRUKSTUKKE mag onder enige omstandighede uit die EKSAMENLOKAAL verwyder of in die snippermandjies geplaas word nie.

Kopiereg voorbehou

7. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL gerangskik word.

8. In AFDELING B (Woordverwerking) mag slegs Courier New 12 pt gebruik word tensy anders aangedui is. Kantruimtes van 2.54 cm/1" moet gebruik word, tensy anders aangedui is.
In AFDELING B (Sigblad) mag slegs Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word, tensy anders aangedui is.

9. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke antwoord in soos aangedui in die instruksies. ANTWOORDE sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nie nagesien word nie.

10. Alle werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm deur werk gereeld te stoor.

11. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde sowel as die kompakskyf/geheuestokkie met die gestoorde antwoorde (behoorlik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER gemerk) inlewer. Indien die kandidate se werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer waarna die antwoorde onmiddellik van die hardeskyf/netwerk geskrap moet word. Hierdie skywe moet vir ten minste SES maande se veilige bewaring aan die eksamenafdeling van die kampus oorhandig word ingeval die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding navrae daaroor mag rig.

12. Geen VRAESTEL mag uit die EKSAMENLOKAAL verwyder word voordat ten minste EEN uur ná die begin van die laaste sessie verstryk het nie. Alle VRAESTELLE moet ingedien word voordat kandidate die EKSAMENLOKAAL verlaat.

13. In die geval dat 'n VRAESTEL tydens meer as een sessie by 'n sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle kandidate se antwoorde van die hardeskywe of die netwerk verwyder word voordat kandidate vir die volgende sessie in die EKSAMENLOKAAL toegelaat word.

14. Die gebruik van die internet is streng verbode. Selfs al beskik 'n rekenaar/terminaal oor internettoegang, word jy nie toegelaat om tydens die eksamen tot die internet toegang te kry nie. Om tydens die eksamen aan die internet te koppel, word as 'n ONREËLMATIGHEID beskou.

Kopiereg voorbehou

15. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket/stoortoestel aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak of tot 'n ander kandidaat se werk oor die netwerk of deur middel van e-pos en die internet of enige ander manier, toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander kandidaat se inligting te bekom of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, op watter manier ook al, word as 'n ONREËLMATIGHEID beskou en is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding bepaal is. Indien 'n onreëlmatigheid teen 'n kandidaat verklaar sou word, sal verdere stappe geneem word en mag die kandidaat van die huidige en toekomstige eksamens geskors word.

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE **PUNTE: 60**

Beantwoord VRAAG 1 tot 5 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

Tyd vir AFDELING A toegelaat: 50 minute.

VRAAG 1: BEREKENINGBEGRIPPE EN TOEPASSINGSVAARDIGHEDE

PUNTE: 15

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) neer.

1.1.1 'n Goeie digitale burger is ...

A 'n kodebreker.
B 'n persoon wat digitale media verantwoordelik gebruik.
C enige persoon wat al hul vrye tyd aan sosiale media bestee.
D 'n phisvanger.

1.1.2 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n draagbare toestel?

A ADSL-lyn
B Lessenaarrekenaar
C Skootrekenaar
D Al die bogenoemde

1.1.3 Gebruikers gebruik toevoertoestelle, byvoorbeeld ... om toevoere in rekenaars te maak.

A luidsprekers
B muis en sleutelbord
C drukkers
D Nie een van die bogenoemde nie

1.1.4 Afvoertoestelle, byvoorbeeld ... word gebruik om afvoere vir die gebruiker te produseer.

A muis en sleutelbord
B aftaster
C drukker
D Nie een van die bogenoemde nie

1.1.5 Die inligtingverwerkingsiklus bestaan uit ...

A invoer, verwerking, uitkontraktering, kommunikasie, verkope
B invoer, verwerking, uitvoer, kommunikasie, berging
C invoer, verwerking, afvoer, konstruksie, berging
D Nie een van die bogenoemde nie

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n lêertipe uit KOLOM B wat by programmatuur in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	.txt	A	Microsoft Word
1.2.2	.docx	B	Microsoft Excel
1.2.3	.zip	C	Microsoft PowerPoint
1.2.4	.pdf	D	Notepad
1.2.5	.xlsx	E	Flash Player
		F	WinZip
		G	Internet Explorer
		H	Adobe Acrobat Reader

(5 × 1) (5)
[15]

VRAAG 2: NETWERK- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE PUNTE: 10

2.1 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies verskaf is. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

2.1.1 Hierdie kaart gebruik 'n kabel om aan 'n netwerk te koppel. (Ethernet NKK (*NIC*)/Draadlose NKK (*NIC*))

2.1.2 Om datapakkette van een netwerksegment na 'n ander te filter en aan te stuur. (Roeteerder/Rotor)

2.1.3 Apparatuur wat gebruik word om verskillende bedienerplatforms soos webbedieners, lêerbedieners, e-posbedieners, ens. te bestuur. (Toepassingsprogrammatuur/Netwerkprogrammatuur)

2.1.4 Word gebruik om die netwerk aan 'n internetdiensverskaffer te koppel. (Model/Modem)

2.1.5 Stel Wi-Fi-toestelle soos skootrekenaar in staat om aan 'n draadnetwerk te koppel. (Draadlose aanstellingsprotokol/ Draadlose toegangspunt)

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.2 Skryf die volgende afkortings VOLUIT langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

2.2.1 PAN

2.2.2 LAN

2.2.3 WAN

2.2.4 MAN

2.2.5 NKK (*NIC*)

(5 × 1) (5)
[10]

VRAAG 3 DATA, INLIGTINGBESTUUR EN BEREKENINGSDENKE
PUNTE: 15

Lees die inligting hier onder en beantwoord die vrae wat volg op die ANTWOORDBLAD (aangeheg):

Jy oorweeg dit om 'n nuwe skootrekenaar te koop. Jy wil die nuwe skootrekenaar hoofsaaklik vir speletjies en aanlyn samewerking hê. Kyk na die volgende opsies om te bepaal watter skootrekenaar die beste in jou behoeftes sal voldoen:

Opsie 1:



Spesifikasies:
Windows 10 Home
15.6-inch full HD display
8GB RAM and 512 SSD storage
Intel Core i5 10300H processor
NVIDIA GeForce GTX 1650 4GB GDDR6
Backlit Chiclet keyboard RGB
Wi-Fi 6 + Bluetooth 5.0
720 HD camera

ASUS TUF Gaming F15
R16 999
of R1 095 pm op krediet

Opsie 2:



Spesifikasies:
Windows 10 Home 64 bit
15.6" FHD 144Hz GSync display
Intel Core i7-8750H & 16GB RAM
256 GB NVMe SSD + 1TB HDD
NVIDIA GeForce RTX 2060 6GB GDDR6
RGB LED Backlit keyboard

LENOVO Legion
R24 999

Opsie 3:



Spesifikasies:
Windows 10 Professional 64
10th Gen Intel Core i7-10875H CPU
NVIDIA GeForce RTX 2070 8GB GPU
17.3-inch FHD 300Hz display
8GB DDR4 2666MHz memory
512GB SSD PCIe M.2
Thunderbolt 3 USB-C

RAZER Blade Pro
R54 999

3.1 Watter skootrekenaar bied die grootste ETG (*RAM*)? (Noem die skootrekenaar en die grootte van die ETG.) (2)

3.2 Watter skootrekenaar bied die grootste beeld? (Noem die skootrekenaar en die grootte van die beeld.) (2)

3.3 Watter verwerker bied die ASUS? (1)

3.4 Watter skootrekenaar bied 'n hardeskyf van 1 TB? (1)

3.5 Watter skootrekenaar bied die beste bedryfstelsel? Noem die skootrekenaar en die bedryfstelsel.) (2)

3.6 Watter skootrekenaar is onderskeidelik die goedkoopste en die duurste? (Noem slegs die skootrekenaars.) (2)

3.7 Gee enige rede waarom Google Drive, OneDrive of Apple iCloud 'n nuttige instrument is om lêers te deel. (2)

3.8 Wat is 'n voorbeeld van aanlyn samewerking? (1)

3.9 Definieer die term, *blog*. (2)
[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: INTERNET- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE **PUNTE: 10**

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.10) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). Elke term in die lys mag slegs een keer gebruik word.

internet; wêreldwye web; IPv4; bladsy; Google; internetversiener; BA (*URL*); IDV (*ISP*); IPv6; webblaaier; Takealot; wêreldwilde web; Ethernet; MWEB; DSV (*DSP*); ARL; internetprotokol

4.1 https://www.college.co.za is 'n voorbeeld van 'n …

4.2 'n Voorbeeld van 'n internetdiensverskaffer.

4.3 'n Voorbeeld van 'n soekenjin.

4.4 'n Maatskappy wat internettoegang vir 'n maandelikse of jaarlikse fooi aan gebruikers bied.

4.5 'n Voorbeeld van 'n aanlyn inkopiediens.

4.6 192.158.1.38 is 'n voorbeeld van 'n ... adres.

4.7 'n Globale stelsel van gekoppelde rekenaars en netwerke wat nie deur enige organisasie besit word nie.

4.8 IP staan vir …

4.9 Toepassingsagteware word gebruik om webbladsye te besigtig.

4.10 'n Virtuele netwerk wat uit webwerwe en webbladsye bestaan wat oor die wêreld verbind is.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: DIGITALE BURGERSKAP **PUNTE: 10**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1–5.10) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te skryf.

5.1 Programmatuurrowery is die wettige kopiëring en aflaai van kopieregprogrammatuur.

5.2 Inligtingakkuraatheid is op gerugte, leuens en verdraaiing gegrond.

5.3 Kubermisdade kan apparatuur- en programmatuurverwante misdade, identiteitdiefstal en inligtingdiefstal insluit.

5.4 In 'n noodgeval kan IKT mense vir hulp met 'n aanlyn dokter koppel.

5.5 Tegnologieverslawing is niks anders as 'n mite nie.

5.6 'n Voorsorgmaatreël wat 'n mens kan tref om die negatiewe invloed daarvan dat 'n gebruiker na harde musiek oor oorfone luister, te beperk.

5.7 Strekoefeninge kan help om die spanning in 'n mens se rug te verminder.

5.8 Ergonomie is die studie van 'n persoon se geestesgesondheid in die werkplek.

5.9 'n Negatiewe invloed van IKT op die omgewing is wanneer gebruikers nie hul rekenaars afskakel nie en elektrisiteit vermors.

5.10 'n Positiewe invloed van IKT op die omgewing is wanneer gebruikers meer papier gebruik om drukstukke vir werkdoeleindes te maak.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: PRAKTIES **120 PUNTE**

Die tyd wat vir AFDELING B toegeken is: 130 minute

VRAAG 6: WOORDVERWERKING **PUNTE: 50**

TYD: 55 MINUTE

1. Herwin die dokument, HAAIE, wat in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is. (Maak slegs 'n DRUKSTUK van die geredigeerde dokument; moenie die ongeredigeerde weergawe druk en indien nie.)

2. Stoor die dokument as VRAAG 6.

3. As kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 6 regsbelyn in HOOFLETTERS in.

4. Redigeer die dokument soos in die teks aangedui is en volgens die instruksies wat hier onder verskaf is.

5. Verstel alle kantruimtes na 1.27 cm/0.5".

6. Justeer die hele dokument.

7. Voeg drie oop reëls aan die bokant van die dokument in.

8. Kies enige *WordArt* van jou keuse en voeg die opskrif aan die bokant van die dokument in. Verander die lettertipe na Berlin Sans FB 28 pt en plaas die opskrif in die middel:

   Die KONING van haaie

9. Soek en vervang die woord 'witdoodhaaie' met 'Witdoodhaaie' in lettertipe Berlin Sans FB 14 pt, vetdruk en kursief.

10. Voeg reëlnommering is soos in die teks aangedui is (reëlafstande moet nie genommer word nie). Die reëlnommering moet by 5 begin. Verander die spasiëring van die reëlnommering na 0.2 cm/0.1".

11. Voeg alle bladsybreuke in soos in die teks aangedui is.

12. As 'n voetskrif, voeg die volgende in:

    'n Enkele horisontale lyn van die linker- na die regterkantruimte.

    Laat een reël oop na horisontale lyn en voeg die volgende teks as 'n voetskrif in 8 pt en regsbelyn in en pas enige refleksie-effek (*reflection*) op die teks toe:

    Beskerm ons seelewe!

13. Voeg DRIE kolomme in en voeg kolombreuke in soos in die teks aangedui is.

Kopiereg voorbehou

14. Verander die bladsyoriëntasie van die tweede bladsy na landskap. Die res van die dokument moet in portretformaat bly.

15. Redigeer die dokument verder soos in die teks hier onder aangedui is. Gebruik die versteklettertipe van die dokument tensy anders aangedui is.

16. Nadat alle redigering voltooi is, druk slegs die geredigeerde dokument. Stoor die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Voeg WordArt in soos in die instruksies aangedui is

Verander alle omringde teks na kursief

Witdoodhaaie, Carcharodon carcharias (Linnaeus, 1758), al. withaaie, witpunthaaie, bloupunthaaie, mensvreters, manilla-haaie, is, volgens E.O. Wilson tereg "… die top karnivoor, 'n moordmasjien, die laaste vrye jagter van mense – die mees vreesaanjaende dier op aarde" genoem. Hierdie algemene persepsie van withaaie is besig om te verander namate ons meer oor die toenemend bedreigde haaie leer. Sommige dapper ontdekkers het nie net saam met hierdie "moordmasjiene" geduik nie, hulle het oorleef om daaroor te praat. ~~Nie dat duik saam met withaaie aanbeveel word nie, maar die treffende eksperimente het getoon dat hierdie majestueuse, dog intimiderende visse in werklikheid nie mense jag nie.~~

Nommer rye, begin met 5

Skrap

Witdoodhaaie, Carcharodon carcharias, is die grootste bekende roofvis in die see. Hulle bereik lengtes van oor die 6,4 m en kan tot 2 268 kg weeg. Hulle het keëlvormige neuse, pikswart oë, 'n swaar, torpedovormige liggaam, en 'n halfmaanvormige, feitlik eweredig gelobde stertvin wat aan elke kant deur 'n kiel ondersteun word. Die witdoodhaaie swem met 'n stywe liggaam soos 'n tuna – anders as die soepel swemslag met die hele liggaam van die meeste haaie.

‡

Skuif die paragraaf wat met *** aangedui is

Die naam "withaai" kom waarskynlik daarvan dat die haai se maag heeltemal wit is. Die dorsale kleur van witdoodhaaie wissel egter van lig tot donker grys en kan grootliks wissel volgens verligting en waterkleur en sigbaarheid. (Sien prent hier onder)

Die witdoodhaai se gemiddelde lengte is ongeveer 3,6 m, maar haaie so groot soos 7,62 m is al aangemeld. Die witdoodhaaie hoort tot die Familie Lamnidae (die makrielhaaie) wat mako- en salmhaaie insluit. Langs die Kaliforniese kus is 'n volwasse withaai 'n belangrike jagter van seediere, veral die kalorieryke see-olifante. Jonges vreet meestal vis en voeg groter seediere by hul dieet wanneer hulle ongeveer 450 kg weeg.

Keep paragraaf aan albei kante in 3 cm/1.18" en verander na 1.5 reëlafstand

Withaaie kan sulke groot diere jag met hul groot botande, wat driehoekig en saagtandig is om groot stukke vleis uit hul prooi te ruk. Die onderste tande is smaller en word gebruik om prooi vas te hou. 'n Ongewone eienskap van die withaai (wat hulle met ander makrielhaaie en sambokhaaie, Familie Alopiiidae deel) is die vermoë om dele van hul liggame (swemspiere, maag en brein) teen temperature te hou wat hoër as die omringende water is, wat hulle as endotermies of warmbloedig klassifiseer, soos soogdiere.

[Inligting verkry van marinebio.org]

Sentreer paragraaf en keep aan albei kant in 5 cm/1.96"

- - - - - - Bladsybreuk - - - - - -

Pas op alle kolomopskrifte toe:
bk, vetdruk, onderstreep en regsbelyn
Beskadu slegs die teks van elke opskrif in grys

Verander na drie gelyke kolomme

Feite

Hierdie karnivore is die wêreld se grootste bekende roofvisse. Hulle het 300 tande, maar kou nie hul kos nie. Haaie skeur hul prooi in stukke wat hulle heel insluk. Die haai se swaar, torpedovormige liggaam maak dit moontlik om vir lang tye rustig te swem om dan skielik tot hoë snelhede te versnel om prooi te agtervolg en somtyds uit die water te spring. Hulle vreet 'n groot verskeidenheid prooi, van klein vissies, soos heilbot, groot robbe en dolfyne.

kol 1

Waarom hulle saakmaak

As groot en kragtige roofvisse, speel witdoodhaaie 'n belangrike rol aan die bopunt van die voedselketting. Ten spyte van hul berugtheid en reputasie, is min egter oor hierdie haaie se biologie en gedrag bekend.

kol 2

Bedreigings

Witdoodhaaigetalle neem af en hulle is skaars omdat hulle deur mense vir hul vinne en tande, en soms as trofeë gejag word. Die withaai word dikwels saam met ander vis deur kommersiële vissers gevang en kan ook in haainette wat strande beskerm, verstrengel raak.

[Inligting verkry van worldwildlife.org]

kol 3

Kanselleer kolomme van hierdie punt af

‡

***

Plak paragraaf hier

‡

Voeg die prent, HAAI, uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer ná die laaste paragraaf in.
Verander die grootte van die prent na 7 cm/2.75" hoog × 9 cm/3.54" breed.
Voeg 'n dubbelraam in swart prentstyl (black picture style) om die prent in. Plaas die prent in die middel van die bladsy.

- - - - - Bladsybreuk - - - - -

Kopiereg voorbehou

Kandidaat:
Voeg alle teks, die fatsoen (*shape*) en die tabel in. Doen alle manipulasie soos aangedui is.

Waarom moet ons haaie beskerm? vetdruk, onderstreep

‡

1. Haaie speel 'n kritieke rol in die see se ekostelsel, hulle reguleer die natuurlike balans.
2. Haaie word teen 'n ontstellende tempo van tot 273 miljoen wêreldwyd per jaar doodgemaak.
3. Haaie hou ons oseane gesond en produktief.

‡

Voeg paragraafnommering in en keep in

Voeg fatsoen [EXPLOSION: 8 points] na die genommerde paragrawe in.
Grootte van die fatsoen moet 10 cm/3.93" hoog × 9 cm/3.54" breed wees.
Posisioneer die fatsoen aan die regterkant van die bladsy.
Verander die buitelyn van die fatsoen na 3 pt.

Kopieer die teks uit die lêer, FEIT, in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer en plak dit in die fatsoen.
Verander die lettertipe na Berlin Sans FB 10 pt.
Verander die opskrif, 'Het jy geweet?' na vetdruk, onderstreep en in die fatsoen gesentreer.

‡

Voeg 'n tabel met teks ná die fatsoen in.
Die lettertipe van die tabel moet Berlin Sans FB 10 pt wees.
Grootte van die tabel: 2 kolomme × 4 rye
Ryhoogte moet 0.5 cm/0.2" wees
Eerste kolom moet 7 cm/2.75" wees
Tweede kolom moet 11 cm/4.33" wees

Kolomopskrifte moet gesentreer in bokas en vetdruk wees.
Voeg enige kolpunte in en keep in.
Verwyder die onderste rame van ry 2 en 3.
Voeg 'n driedubbele buiteraam in.
Beskadu ry 1 in grys.

MITE	FEIT
Haaie is honger mensejagters.	Haaie jag nie mense nie; die meeste 'aanvalle' is foute.
Haaie is almal dieselfde.	Haaie is verskillend met meer as 400 verskillende spesies.
Haaie het geen predatore nie.	Die grootste predatore vir haaie is mense.

Gebruik tabelstoppe teen 5.5 cm/2.16" en 8.89 cm/3.5"
Voeg teks in Berlin Sans 12 pt in

Beskerm seelewe ...

‡

saam kan ons die ...

‡

bk, vetdruk

WITDOODHAAI – KONING VAN HAAIE RED!

Voeg in en sentreer
Voeg simbole in (Wingdings)

💻 www.helpgreatwhite.org
☎ +2786 987 6540

[50]

SIGBLAD **PUNTE: 50**

VRAAG 7: STATISTIEKBLAD **30 PUNTE**
TYD: 40 MINUTE

1. Herwin die sigblad, HAAISTAT, uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer.

2. Stoor die dokument as VRAAG 7.

3. As kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 7 regsbelyn in.

4. Bring alle veranderinge aan soos in die sigblad aangedui is en volgens die instruksies hier onder.

5. Voeg die volgende formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen; gebruik selverwysings, waar moontlik, vir alle berekeninge:

   A TOTALE BEDRAG van WÊRELDWYE HAAIVANGSTE
   (TON maal PRYS PER TON)
   (vertoon antwoorde as geldeenheid sonder desimale)

   B TOTALE BEDRAG van UITGEVOERDE HAAIVIN
   (TON maal PRYS PER TON)
   (vertoon antwoorde as geldeenheid sonder desimale)

   C TOTAAL = Totaal van TON vir WÊRELDWYE HAAIVANGSTE en UITGEVOERDE HAAIVIN (vertoon antwoord as heelgetal)

   D TOTAAL = Totaal van TOTALE BEDRAG vir WÊRELDWYE HAAIVANGSTE en UITGEVOERDE HAAIVIN (vertoon antwoord as geldeenheid sonder desimale)

   E Bereken GEMIDDELDE HAAIVINPRYS PER TON (funksie)
   (vertoon die antwoord as heelgetal)

   F Bereken GEMIDDELDE HAAIVANGS (TON) (funksie)
   (vertoon die antwoord as heelgetal)

   G Bepaal HOOGSTE HAAIVINPRYS PER TON (funksie)
   (vertoon antwoord as geldeenheid, geen desimale nie)

   H Bepaal LAAGSTE HAAIVANGSPRYS PER TON (funksie)
   (vertoon antwoord as geldeenheid, geen desimale nie)

   I Bepaal die MEDIAAN HAAIVANGS (TON) (funksie)
   (vertoon die antwoord as heelgetal)

Kopiereg voorbehou

6. Voeg binnerande (*borders*) in soos op die sigblad aangedui is.

7. Pas alle kolomme en rye aan sodat die inligting leesbaar is. Kopieer die formules na ander selle soos op die sigblad aangedui is.

8. Druk slegs die geredigeerde dokument in portretoriëntasie met ry- en kolomopskrifte op EEN bladsy. Stoor die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.



Kandidaat:
Gebruik 'n konsekwente lettertipe deur die hele sigblad, Arial 10 pt of Calibri 11 pt

Kandidaat:
Sentreer al die jare

Kandidaat:
Voeg kolomme in:
PRYS PER TON
TOTALE BEDRAG
omvou opskrifte soos aangedui is

(30)

VRAAG 8: FAKTUUR **20 PUNTE**
TYD: 15 MINUTE

1. Herwin die sigblad, HAAIFAKT, uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer.

2. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 8 regsbelyn in.

3. Stoor die sigblad as VRAAG 8.

4. Bring alle veranderinge aan soos in die sigblad aangedui is en volgens die instruksies hier onder.

5. Voeg die volgende inligting op die faktuur langs die korrekte opskrifte in:

FAKTUURNR:	SIN23
FAKTUURDATUM:	Voeg vandag se datum in
KLANTKODE:	BRI2DY

6. Voeg die prent, HAAILOGO, uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer in soos op die sigblad aangedui is en bring die volgende veranderinge aan:

   Verander slegs die hoogte van die prent na 2.54 cm/1"
   Plaas 'n enkelraam van 3 pt om die prent
   Posisioneer die prent soos op die sigblad aangedui is

7. Voeg die volgende formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen; gebruik selverwysings, waar moontlik, vir alle berekeninge:

   A Bereken die TOTAAL: HOEVEELHEID maal PRYS (UITGESL)
   (vertoon as geldeenheid, twee desimale)

   B SUBTOTAAL: Tel al die TOTALE bedrae op
   (vertoon as geldeenheid, twee desimale)

   C SUBTOTAAL MINUS KORTING:
   SUBTOTAAL minus (SUBTOTAAL maal KORTING)
   (vertoon as geldeenheid, twee desimale)

   D BTW: SUBTOTAAL maal BTW-KOERS
   (vertoon as geldeenheid, twee desimale)

   E TOTAAL BETAALBAAR: SUBTOTAAL plus BTW
   (vertoon as geldeenheid, twee desimale)

   F AANTAL PRODUKTE: Gebruik 'n funksie
   (vertoon as heelgetal)

   G AANTAL LEË SELLE (A20:B29): Gebruik 'n funksie
   (vertoon as heelgetal)

8. Kopieer die formules na die ander selle soos aangedui is.

Kopiereg voorbehou

9. Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN portretbladsy. Stoor die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

KING SHARK-TOERE ← Verander die opskrif na Bradley Hand ITC 16 pt, vetdruk

BELASTINGFAKTUUR

Red die WITDOODHAAI - KONING VAN HAAIE!
Oceanweg 543, Gansbaai, WES-KAAP, 7220
Tel: 028 234 5678
E-pos: info@kst.co.za
BTW Reg Nr: 4569871230

Verander die lettertipe na Bradley Hand ITC

Plaas prent hier, bring veranderinge volgens instruksies aan

FAKTUURNR.:
FAKTUURDATUM:
KLANTKODE:

Voeg volgens instruksies in, sentreer inligting

Faktureer:
Robert Brian
Juneweg 1
Heidelberg
WES-KAAP
6665

PRODUK	**HOEVEELHEID**	**PRYS (UITGESL)**	**TOTAAL** (Linksbelyn, sentreer vertikaal en vetdruk opskrifte)
Haaihokduik Volwassene	2	R1 350,00	
Haaihokduik Kind	1	R730,00	
Bewaringsdonasie	3	R26,10	
Haaispeelding	1	R200,00	

Voeg pryse in, geldeenheid, 2 desimale

A ↓

SUBTOTAAL	**B**
KORTING	10%
SUBTOTAAL MINUS KORTING	**C**
BTW-KOERS	15%
BTW	**D**
TOTAAL BETAALBAAR	**E**

Ons waardeer u ondersteuning!
Pryse sluit 'n gratis besoek and die Reservaat vir Afrikapikkewyne in!

vetdruk en kursief

Bepalings en voorwaardes:

Faktuur moet ten volle voor dag van uitstappie betaal wees
50% deposito nodig om bespreking te bevestig

Aantal produkte **F**
Aantal leë selle **G**

(20)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: AANBIEDING **PUNTE: 20**
TYD: 20 MINUTE

Jy is 'n omgewingskundige en wil jou portuurgroep bewus maak van die gevare van haaivinsop. Jy besluit om 'n aanbieding voor te berei om in die klas te vertoon.

1. Herwin die aanbieding, HAAIVIN, uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer.

2. As 'n voetskrif, voeg jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 9 in hoofletters op elke skyfie in. Verseker dat die skyfienommer ook op elke skyfie verskyn.

3. Stoor die aanbieding as VRAAG 9.

4. Bring al die veranderinge aan volgens die instruksies hier onder en pas alle proefleestekeninstruksies toe soos op die volgende bladsy aangedui is.

5. Verander die tema van die aanbieding na 'RETROSPECT' en verander die variant van die tema na 'GRAYSCALE'.

6. Druk as UITDEELSTUK (HANDOUT), 2 skyfies in portretoriëntasie en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

Skyfie 1:



Voeg 'n kolraam (*dot border*) van 6 pt om die prent in.

Gebruik *Pencil Sketch Artistic Effect* aan die prent.

Skuif die prent na regs aan die onderkant van die skyfie.

Keer die prent horisontaal om (flip).

Verander na Lucida Handwriting 80 pt, bk, sentreer

haai vinsop

Verwyder letterspasies

Is dit goed of sleg?

Lucida Handwriting 40 pt, bk, linksbelyn

Skyfie 2:

Duisende haaie word jaarliks vir hul vinne doodgemaak!

Verander na Arial Black 48 pt, kursief, sentreer

Gevare

Wat kan jy doen?

Verander opskrifte na Arial Black 32 pt, bk

- Haaivinsop bevat hoë konsentrasies kwik en metielkwik wat genoeg is om dit vir menslike gebruik onveilig te maak.

- Moenie die handel in haaivinne ondersteun nie.
- Waarsku vriende en familie oor die moontlike gevare.
- Maak mense daarvan bewus dat haaie uitsterwing in die gesig staar.

Verander die lettertipe na Arial Narrow 24 pt

Verander kolpunte na

Plaas 'n dubbelraam om elke tekskassie (teks met kolpunte)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

3 NOVEMBER 2022

ANTWOORDBLAD

REKENAARPRAKTYK N4

%

Hierdie antwoordblad bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 _____

1.1.2 _____

1.1.3 _____

1.1.4 _____

1.1.5 _____

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1 _____

1.2.2 _____

1.2.3 _____

1.2.4 _____

1.2.5 _____

(5 × 1) (5)

[15]

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

VRAAG 2

2.1 2.1.1 _____

2.1.2 _____

2.1.3 _____

2.1.4 _____

2.1.5 _____

(5 × 1) (5)

2.2 2.2.1 _____

2.2.2 _____

2.2.3 _____

2.2.4 _____

2.2.5 _____

(5 × 1) (5)

[10]

VRAAG 3

3.1 _____

_____

_____ (2)

3.2 _____

_____

_____ (2)

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

3.3 _____

_____ (1)

3.4 _____

_____ (1)

3.5 _____

_____

_____ (2)

3.6 _____

_____ (2)

3.7 _____

_____ (2)

3.8 _____

_____ (1)

3.9 _____

_____ (2)

[15]

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

VRAAG 4

4.1 _____

4.2 _____

4.3 _____

4.4 _____

4.5 _____

4.6 _____

4.7 _____

4.8 _____

4.9 _____

4.10 _____

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 _____

5.2 _____

5.3 _____

5.4 _____

5.5 _____

5.6 _____

5.7 _____

5.8 _____

5.9 _____

5.10 _____

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou